Oordenking.
22 November 2017

Christus die Koning – deel twee.

As Jesus Koning en Here is, waarom is soveel dinge steeds verkeerd, onrein, hartseer en pynlik in die wêreld? Hoekom sterf mense nog?
Die eenvoudige antwoord is dat *totdat Jesus weer kom is daar beide skape en bokke in die wêreld.*

Eerstens moet ons onthou dat die skape en bokke eendag geskei word.
"Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei."
Sien Matteus 25:31-46.

Koning Jesus kom weer. Hy kom in heerlikheid en sal op sy koninklike troon sit en as regter van al die mense, die skape aan sy regterhand en bokke aan sy linkerhand plaas.
Daar is geen middelgrond nie!

Tweedens is dit waar **dat hierdie oordeel plaasvind** op grond van die feit of ons soos Christus se skape geleef het - of soos 'n bok! En die Here sal sê" "
"Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink"

Derdens moet ons weet dat **net geloof in Christus die werke van die Koninkryk kan voortbring wat die skape van die Here doen.** Onthou dat die Koning sal sê' "*Vir sovêr julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.*"

Dit is geloof in Christus die Koning, wat red. Om die Koning te volg as Here van ons lewens verander alles. Dit verander ontembare bokke in Jesus se skape! Dis 'n vrye gawe en suiwer genade.

En dit is hoe ons in Christus die Koning glo en Hom verheerlik! **Ons lewe vir Hom!**
Ons doen wat Hy op aarde gedoen het, sodat ander ook kan glo dat Jesus Christus regeer!
En deur geloof in Hom sal baie uit genade gered word.